



# 7 JEMEN



## Bid vir Jemen

- Bid vir die Jemense mense na 'n jaar waarin die oorlog voortduur, tesame met vloede, sprinkane en COVID-19. Bid dat vrede in die land sal heers en dat mense hulle lewens kan begin herbou.
- Bid vir geheime gelowiges en geheime huiskerke, dat hulle wysheid en onderskeidingsvermoë sal hê terwyl hulle gelowiges ondersteun.
- Bid vir dié wat groot risiko's neem om diegene wat soekend is en nuwe gelowiges met dissipelskap te ondersteun. Bid vir veiligheid terwyl hulle deur konflikgebiede reis, en dat God hulle sal gebruik om nuwe en begaafde leiers op te rig in elke deel van die land.

“Ek het geen ander Jemense Christene geken nie. Nou ken ek baie, en daar is nog baie

soos ons.”

-Mohammad

### Streek

Midde-Ooste

### Bevolking

30 245 000

### Christelike bevolking

'n Paar duisend (Geopende Deure-beraming)

### Meerderheidsgeloof

Islam

### Bronne van vervolging

Islamitiese onderdrukking, Georganiseerde korrupsie en misdaad, Diktatoriese paranoia.



Totale punte

87%



Druk

99%



Geweld

23%

WIL JY  
MEER  
WEET?

